**QUEENS HIGH SCHOOL**
**AFRIKAANS FIRST ADDITIONAL LANGUAGE**
**GRADE 10**

| | |
|---|---|
| **DATUM:** | JUNIE 2010 |
| **TYD:** | 2 UUR |
| **TOTAAL:** | 80 |
| **EKSAMINATOR:** | MEV. VAN ZYL |
| **MODERATOR:** | MNR. LAST |

**AFDELING A** **BEGRIP**
**VRAAG 1** **BEGRIPSTOETS**

## DIE DONKER GOD

Fisieke huishoudelike geweld word in die roman, DIE DONKER GOD, bespreek. Pippa is die hoofkarakter en is negentien, toe sy Alex ontmoet. Alex is ouer as sy. Die naiewe Pippa is boekslim, maar het min ondervinding van mans.

Hulle verhouding is van die begin af nie normaal nie. Pippa glo Alex het haar lief, omdat hy so onredelik jaloers is. Hy sluit haar in die huis toe en vervreem haar van haar vriende. Soos baie vroue, is sy verlief, daarom ignoreer sy die gevaartekens.

Fransi is nogal onsteld, omdat vroulike lesers se, dat die geweld wat Pippa ondervind het, nie so erg is nie. Met baie vroue gebeur erger dinge. Pippa is nie doodgemaak nie.

Dit was vir haar skokkend, dat ‘n manlike leser gese het, dat die man nie boos genoeg voorgestel is nie. Hy was meer van die seks as die geweld bewus. Fransi meen, “ Die ongelyke magsverhouding het hom dalk nie beindruk nie, omdat hy dit as normal ervaar.”. Seks is gewoonlik ‘n wapen in ‘n magsverhouding.

“Vroue kan maklik in ‘n geweldsituasie gevang word. En dis moeilik om daaruit te kom, “ se Fransi.” Sodra vroue kinders het, moet hulle eerste aan die kinders se behoeftes dink. Dit beperk hulle regte in ‘n verhouding met ‘n man. Baie jong vroue met jong kinders kan ook nie ‘n hofgeding bekostig om toesig oor ‘n kind te probeer kry nie.

Vroue glo dikwels dit is hulle skuld as ‘n verhouding nie werk nie. Sy dink dit is vir vroue makliker om weer te probeer, as om die gevolge te dra. Wat dit ook moeilik maak, is dat die verhoudings nie heeltyd sleg is nie. Na ‘n rusie is daar dikwels weer ‘n lang tydperk van liefde en sorgsaamheid. Ook verwag enige mens, dat jy veilig is in jou eie huis. Geen vrou dink, dat sy in gevaar is deur lief te he nie.

Die grootste probleem is, dat vroue stilbly oor wat met hulle gebeur. Sulke verhoudings word in die geheim gehou en mense is bang om daaroor te praat.

**VRAE:**

1.1 Waarna verwys die opskrif “Die Donker God”? (1)

1.2 Wie is die twee karakters wat in die boek as voorbeeld gebruik word? (2)

1.3 Wat is volgens Fransi ontstellend? Som jou antwoord in een sin op. (1)

1.4 Haal twee woorde uit die leesstuk aan wat huishoudelike geweld opsom. (2)

1.5 Hoekom word vrouens met kinders se regte beperk? (2)

1.6 Wat glo vrouens dikwels as ‘n verhouding nie werk nie? (1)

1.7 Wat maak hierdie tipe verhouding moeilik?
- a. Jou veilige huis
- b. Die verhouding is nit heeltyd sleg nie
- c. Woede uitbarstings
- d. Toesig oor die kinders (1)

1.8 Wat beteken die term, "die verhouding word in die geheim gehou"?

- a. Almal is bewus van wat aangaag.
- b. Hulle praat maklik met ander oor hulle probleme.
- c. Daar word glad nie gepraat oor wat tussen hulle gebeur nie. (1)

1.9 Dui aan of die volgende stellings waar of onwaar is:
- a. Daar is dikwels 'n kort tydperk van liefde en sorgsaamheid na 'n woede-uitbarsting. (1)
- b. Die huishoudelike geweld in die roman word sagter voorgestel as die werklikheid. (1)
- c. Dit is vir vroue makliker om die gevolge te dra, as om weer te probeer. (1)

1.10 Haal sinonieme uit die leesstuk vir die volgende woorde aan:
- a. hofsaak (1)
- b. vermoor (1)
- c. ervaring (1)

**[17]**

Beantwoord die volgende veelkeusige vrae deur slegs die korrekte letter neer te skryf.
Kies die korrekte Afrikaans in konteks van die stuk vir die volgende Engelse woorde:

1.11. "violence"
- a. bakleiery
- b. woede
- c. geweld

1.12. "relationship"
- a. verlowing
- b. verhouding
- c. verwantskap

1.13. "experience"
- a. ondervind
- b. gewaarwording
- c. belewenis

1.14. "consequence"
- a. gevolgtrekking
- b. uitwerking
- c. gevolge

1.15. a secret "
- a. skat
- b. geheim
- c. uitstel

1.16. "expect"
- a. verwag
- b. veronderstel
- c. vermoed

1.17. "shocking"
- a. verskriklik
- b. aanstootlik
- c. skokkend

1.18. "in love"
- a. liefde
- b. verlief
- c. lief vir

1.19. "sign"
- a. teken
- b. merk
- c. sinnebeeld

1.20. "difficult"
- a. swaar
- b. lastig
- c. moeilik

1.21. "meet"
- a. byeenkoms
- b. ontmoet
- c. jaggeselskap

1.22. "normal"
- a. normaal
- b. gewone
- c. gebruikslading

1.23. "happen"
- a. voorval
- b. geskied
- c. gebeur


1.24. "long time"
- a. tyd
- b. lang tydperk
- c. tempo

**[14]**

**VRAAG 2**

KEUSEBOEK VAN DIE MAAND

CUM BOOKS BOEKE rooi rose




*Doelgerigte gebed: 'n praktiese handleiding vir 'n vervullende gebedslewe* deur Bennie Mostert wys jou stap vir stap hoe om "die Skrif te bid". Die veertig onderwerpe in dié gids word gesteun deur teksverse wat tot gebede verwerk is, of as riglyn kan dien. Gewone prys: R99,95. **Tien persent afslag vir rooi rose-lesers tot 31 Julie: R89,95.** Vir die spesiale afslagprys, neem hierdie aanbieding na jou naaste CUM boekwinkel. Bestel *Doelgerigte gebed* by 0860 110 321 of cum@cum.co.za

**Vyf lesers kan *Doelgerigte gebed* verniet kry. Stuur 'n e-pos met jou naam, posadres en telefoonnommer aan kompetisie@cum.co.za (merk die onderwerplyntjie asseblief met "rooi rose/Doelgerigte gebed") of stuur jou naam, posadres en telefoonnommer aan rooi rose/Doelgerigte gebed, Posbus 1599, Vereeniging 1930. Sluitdatum 31 Julie.**

2.1 Tot watter geloof behoort die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

2.2 Wat word in die advertensie aangebied?

a. Resepte vir gebed

b. n Handleiding vir gebed

c. Doelgerigte gebed (1)

2.3 Wat is die totale afslag as jy 'n Rooi-Rose leser is? (1)

2.4 Kan jy "Doelgerigte Gebed" verniet kry as jy by die kompetisie aansluit. (1)

2.5 Noem twee maniere waarop jy jou inligting aan Cum Boeke kan stuur. (2)

**[6]**

**VRAAG 3** **INSKRYWINGSVORM**

INTEKEN-AANB

# Spaar groot

Teken nou vir een jaar in op *Sarie* en kry 20% afslag. Jy spaar dus R51,74. Die normale intekentarief is R258,70, maar jy betaal nou slegs R206,96.

Voltooi en pos aan: *Sarie*, Vrypos CB0006, Kaapstad 8000, of faks die vorm aan (021) 595-2181. Vir navrae, skakel 0800 22 22 28 tolvry of faks (021) 595-2184.

Ja, ek wil graag vir een jaar op *Sarie* inteken.
Die aanbod is onderhewig aan 1 jaar se subskripsie, slegs in SA.

My besonderhede:
Titel ________ Voorletter ________
Van ________
Adres ________
________
________ Poskode ________
Tel. (w) ________ (h) ________

DIS 'N GESKENK-INTEKENING VIR:
Titel ________ Voorletter ________
Van ________
Adres ________
________
________ Poskode ________
Tel. (w) ________ (h) ________

EK BETAAL VIR EEN JAAR SUBSKRIPSIE (vul net een opsie in)
BETAAL-OPSIE 1: Debiteer my ☐ tjek- / ☐ spaarrekening
met R ☐☐☐☐☐ ☐ Maandeliks (R17,25) / ☐ Jaarliks (R206,96)
Bank ________
Taknaam ________ Takkode ☐☐☐☐☐☐
Rekeningnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐
Debiteer my rekening op dag 1 ☐ 7 ☐ 14 ☐ 21 ☐ 28 ☐
(EERSTE NASIONALE BANK-SPAARREKENING UITGESLUIT)

BETAAL-OPSIE 2
Debiteer my kredietkaart met R ☐☐☐☐☐ ☐ 12 maande (R206,96)
☐ Visa / ☐ MasterCard / ☐ Diners / ☐ Amex
Kaartnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐
Vervaldatum ☐☐☐☐ M M J J

BETAAL-OPSIE 3
Ek sluit 'n tjek / posorder in, uitgemaak aan Media24, vir ☐☐☐☐☐

Geteken ________ Datum ☐☐☐☐☐
*Sarie* 19/9/2001

Teken in op *Sarie* met een kliek op die Web.
Besoek ons by www.sarie.com

sarie MY INSPIRASIE

3.1 "Sarie" is 'n ...

a. koerant.
b. voubiljet.
c. tydskrif. (1)

3.2 Vir hoe lank sal jy lid wees as jy inteken op Sarie? (1)

3.3 Kan jy namens iemand ander ook inteken? (1)

3.4 Watter DRIE maniere kan jy gebruik om te betaal?
(3)

3.5 Wat is "Sarie" se webbladsy? (1)
**[7]**

**VRAAG 4 KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK**




4.1 Wat bedoel die man met sy antwoord aan die verkeerskonstabel?
a. dat hy onskuldig is.
b. Hy gee eintlik sy vrou die skuld vir die probleem.
c. Hy reageer onnosel, asof hy nie verstaan wat gebeur het nie. (1)

4.2 Indien jy die vrou was, wat sou jou reaksie wees?
Vrou: " ......................................................" (3)
**[4]**

**VRAAG 5 OPSOMMING**

Lees weer deur die stuk "Die Donker God" en som dit dan in 7 sinne op. Nommer jou sinne puntsgewys. Jou opsomming mag nie meer as 50 woorde wees nie.
Onthou om jou woordtotaal aan die einde van jou opsomming weer te skryf. **[10]**

**AFDELING B TAALKUNDE**
**VRAAG 6: WOORDKONSTRUKSIES**

Lees noukeurig deur die taalvrae in Kolom A en beantwoord dit dan deur die instruksies in Kolom B te volg. Skryf slegs die antwoord by elke vraag neer.

| A | B |
|---|---|
| 6.1. En (dis) moeilik om weg te breek | 6.1. Skryf die word tussen hakies volledig uit. (1) |
| 6.2. Bedingingsposisie | 6.2. Gee die meervoud van die woord. (1) |
| 6.3. Vroue | 6.3. Gee die enkelvoud van die woord. (1) |
| 6.4. Meer | 6.4. Gee die teenoorgestelde van die woord. (1) |
| 6.5. Verminderde / Slegte / Goeie | 6.5. kies die korrekte sininiem vir die woord "swak". (1) |
| 6.6. Besorgheid / Verdraagsaamheid | 6.6. Kies die korrekte sininiem van " Sorgsaamheid " (1) |
| 6.7. Pippa het (min) ondervinding van mans as Fransi. | 6.7. Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| 6.8. Dit plaas hulle in die (swak) bedingings-posisie in 'n verhouding met 'n man. | 6.8. gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| 6.9. Sy ignoreer (jaar) se gevaartekens. | 6.9. Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |
| 6.10. Fransi is (40) jaar oud. | 6.10. Skryf die getal tussen hakies volledig uit. (1) |

| | |
|---|---|
| 6.11. “Die Donker God” deur Fransi Phillips word deur Umuzi uitgegee en kos (R130). | 6.11. Skryf die bedrag tussen hakies volledig uit. (1) |
| 6.12. Na ‘n woede-uitbarsting is daar dikwels ‘n (langste) tydperk van liefde. | 6.12. Gee die korrekte vorm van die woord. (1) |

**[12]**

**VRAAG 7: SINSKONSTRUKSIES**

Lees noukeurig deur die taalvrae in Kolom A en beantwoord dit dan deur die instruksies in Kolom B te volg. Skryf slegs die antwoord by elke vraag neer.

| A | B | |
|---|---|---|
| 7.1 Hul verhouding is van die begin nie normaal nie. | 7.1 Skryf oor in die verlede tyd. | (1) |
| 7.2. Met baie vroue gebeur erger dinge. | 7.2. Skryf oor in die toekomende tyd. | (1) |
| 7.2. Vroue glo dikwels. Dit is hulle skuld . | 7.3. Verbind die sinne met die voegwoord “dat”. | (1) |
| 7.3. Ook verwag enige mens dat jy veilig is. | 7.4. Skryf oor in die negatiewe vorm. | (1) |
| 7.4. Die grootste probleem is dat vroue stilbly oor wat met hulle gebeur. | 7.5 Verander na ‘n vraagsin. | (1) |
| 7.5. ‘n Manlike leser sê: “Die man is nie boos genoeg voorgestel nie.” | 7.6 Skryf oor in die indirekte rede. | (1) |
| 7.6. Dit is moeilik.Vroue kan maklik in ‘n geweldsituasie vasgevang word. | 7.7 Verbind die sinne met die voegwoord “aangesien”. | (1) |
| 7.7. Sulke verhoudings speel hulle in die geheim af. | 7.8 Skryf oor in die verlede tyd. | (1) |
| 7.8. Die naiewe Pippa is boekslim. | 7.9 Skryf oor in die negatiewe vorm. | (1) |
| 7.9. “Vroue kan maklike in ;n geweldsituasie vasgevang word”, sê Fransi. | 7.10 Skryf oor in die indirekte rede. | (1) |

**[10]**

**TOTAAL: 80**